GEBED OM LEIDING

MM Walters

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department

Strofe 1

Subtitel in kontras met res van gedig: inhoud kan as “aanval” gesien word. Ander persoon hier aan die woord.

Gebed om leiding

Die leser wat hierin ’n aanval lees op enige spesifieke gemeente begryp die strekking van die gedig nie.

Vooraanstaande NG-gemeente in Boland

1 Heer, u weet dat ek gelukkig is hier
2 in die gemeente Stellenbosch-Sentraal,

Bejaardes wat ryk is en geld aan kerk nalaat

3 want veel seëninge ontvang ek op my werk:
4 deur my huisbesoek op geselekteerde testamente
5 is gemeentelike fondse reeds met duisende versterk.

Versterk gemeente se fondse deur huisbesoek: i.p.v. om van homself te gee tydens huisbesoek, ontvang hy van gemeentelede [IRONIE]

Strofe 2

"sorg" en "goeie dade" staan in kontras. "sorg": iets wat jy bitter nodig het; "goeie dade": rooiwyn en vet braaivleis is nie iets wat iemand bitter nodig het nie.

6 U weet hoe die lidmate vir ons sorg
7 die vrieskaste bult buitentoe, oorvol
8 is ons kelder van die goeie dade –
9 ons drink rooiwyn wat sewe jaar gerus het
10 saam met die vet braaivleis van genade.

Alliterasie: beklemtoon die oordaad

Gelê: gepas in konteks: verwys na 7de dag wat die "rusdag" & dus verwys na iemand wat op 'n eerlike en harde manier sy brood (wyn) verdien; pas ook by hoogdrawende taal van predikant

Strofe 3

Huis waar predikant woon – behoort aan gemeente

11 U weet die kinders moet universiteit toe

12 en die koshuise is duur en vol en waar

13 is daar 'n pastorie met sewe huurstudente?

14 Net op Stellenbosch is so 'n kans vir dié goue gans

15 toelaatbaar volgens kerklike reglemente.

Loseerders –gebruik van pastorie om ekstra geld te verdien in swak lig gestel deur platvloerse taalgebruik

Wet van die kerk

Strofe 4

16 Ek speel in die eerste tennisspan

17 en ons wen nou al drie jaar na mekaar.

18 Maar ’n mens moet kompetisie hê – U weet:

19 soos Satan elke Sondagmôre

20 sy invloed teen u roepstem meet.

Hy redeneer hier en spreek God aan deur ’n bevestiging – amper soos wanneer mens iets aan iemand verduidelik en dan kort-kort wil bevestig dat wat jy sê sin maak en dan “jy weet …” telkens tussenin gebruik.

Strofe 5

"bose spel": Die dinge wat in die teater gesê word is te boos vir sy gemeentelede, maar hy mag darem gaan luister.

21 U kudde val nou die kuns ten prooi
22 want godslastering word verlig en letterkundig mooi,
23 Hoe kan ek bly waarsku teen die bose spel
24 as ek nie sélf, met my komplimentêre kaartjie,
25 my slagyster in die Thom gaan stel?

gratis kaartjies

HB Thom Teater in Stellenbosch

God se naam word as uitroep of vloektaal gebruik; "verlig": in die mode; "letterkundig mooi": aanvaarbaar vir die letterkunde

kudde: word gebruik om 'n groep skape aan te dui (in kerktaal die gemeente); "U kudde val nou die kuns ten prooi": hoogdrawende taal om te sê die kunste beinvloed die mense negatief. Jesus is die Goeie Herder en ons is sy skape. Die predikant se taak is om die werk van die herder op aarde te vervul. 'n Klomp skape word 'n kudde genoem en daarom het hulle in die verlede die gemeente dikwels 'n "kudde" genoem.

Strofe 6

26 (Die klein sondetjies met my buurvrou
27 het ek alreeds voor U bely – net nou en dan
28 bedien ons nog die sakramente.
29 Kan ek haar dan sommer só laat staan,
30 sonder groetnis sê en komplimente?)

Heilige, sigbare teken deur God ingestel ten einde aan die mens sy belofte van vergewing van sondes te waarborg: die doop en die nagmaal.

Strofe 6

"ag": emosie – teleurstelling of versugting

31 Ag, en die akademiese omgaan en verkeer
32 met al die professore, hoe kan ek dit ontbeer –
33 ék wat so graag delf in die duisterhede,
34 so lank gewag het op 'n kweekskoolstem
35 in antwoord op my broederse gebede.

Daarsonder klaarkom

Opleidingsentrum vir predikante

Kweekskoolgebou op Stellenbosch

Strofe 6

Werksaanbod –
emosie: verontwaardiging / geirriteerdheid

36 Nou kom U met dié beroep
37 na die sendinggemeente op Merweville …
38 vir mý, gereelde voorsitter van die Ring!
39 Alle grappies op ’n stokkie, Meester,
40 is U ernstig met die ding?

kleiner gemeente op die platteland wat in die geskiedenis deur sendelinge gestig is en ’n dorpie op hulle eie gevorm het

Ellips: verhoog die afwagting by die leser; beklemtoon die vorige woord; gedagte amper te ontstellend vir hom om aan te gaan.

’n groep predikante vorm die “Ring” wat vergaderings hou en kerklike sake bespreek.
Uitroepteken: Verontwaardiging

alle grappies op ’n stokkie (fig.): uitdrukking wat beteken: hou op grappies maak en wees ernstig

’n ***Hekelgedig*** *is* ’n *gedig waarin daar met menslike swakhede gespot word. In* ’n ***satire*** *word verder gegaan deurdat die menslike swakhede of wanpraktyke so belaglik gemaak word, dat die leser daarvoor lag. Dit word dikwels gedoen om hierdie swakhede onder mense se aandag te bring en in die proses te help dat dit nie weer gebeur nie. Die satirikus maak gebruik van kontraste en oordrywing.*

LANGER VRAAG

- Verduidelik wat satire is:

In 'n satire word menslike swakhede of wanpraktyke so belaglik gemaak, dat die leser of gehoor daarvoor lag. Dit word dikwels gedoen om hierdie swakhede onder mense se aandag te bring en in die proses te help dat dit nie weer gebeur nie.

- Om die satiriese inslag te versterk, word die vlg. gebruik:
- Oordrywing: Die hoogdrawende taal/die predikant se sondes en gulsigheid (voorbeelde moet hier gegee word).
- Kontras tussen wat behoort en wat in die praktyk gebeur.
  - Die predikant moet byvoorbeeld nederig wees, maar hy is vol van homself en sy eie belangrikheid.
  - Tussen werk wat hy behoort te doen en werk waarmee hy homself besig hou.
  - Tussen die hoogdrawende taal en die platvloerse uitdrukking.
- Halfrym word gebruik om klem op sekere kernfrases te lê, bv. “kans vir die goue gans”. Nog voorbeelde.
- Leestekens soos die dubbelpunt, aandagstreep, uitroepteken en ellips word gebruik om sekere gedeeltes te beklemtoon – voorbeelde.
- Woordkeuse word verder gebruik om die satire te beklemtoon, soos byvoorbeeld wanneer hy ’n sewe jaar oue bottel rooiwyn beskryf as “goeie dade” wat aan hom gedoen is, en vet braaivleis wat hy gereeld geniet as “genade”.

1. Waaroor soek die spreker in die gedig ‘leiding’? Dink jy die spreker soek regtig ‘leiding’?

Antw.: Of hy die beroep na ’n sendinggemeente in Merweville moet aanvaar. Nee, dit is duidelik uit die gediginhoud en trant dat hy eerder God wil oortuig oor waarom hy nie die beroep kan aanneem nie. (Hierin lê juis die ironie – hy vra kwansuis om leiding, maar eintlik het hy reeds sy gemaksugtige besluit klaar geneem.)

2. Wat is die intertekstuele verwysing van ‘goue gans’ in strofe 3? Wat is die betekenis van hierdie metafoor in die konteks van die gedig?

Antw.: Verwys na die goue gans in Jan en die Boontjierank wat goue eiers gelê het. Die predikant word deur sy gemeente toegelaat (die kerklike reglemente’) om kamers in die pastorie (‘sewe huurstudente’) te verhuur. Sodoende verdien hy ’n ekstra inkomste. Hierdie inkomste is sy ‘goue gans’. Onthou dat die pastorie (die huis van die predikant) se bedryfskoste deur die gemeente betaal word.



Is dit net die predikant wat onder die vergrootglas is? Tog die gewone gemeentelid ook wat saamspeel met die predikant wat so in oorvloed lewe, asook diegene na wie hy verwys in strofe 7 – sogenaamde intellektueles en hooggeleerde vriende wat saambondel by die universiteite en die kweekskole. (Dit was alles dinge waaraan Walters 'n groot hekel gehad het, veral aan valse intellektualisme.)

Voorbeelde van predikant se hoogdrawende taal: “akademiese omgaan en verkeer”; “hoe kan ek dit ontbeer”; “delf in die duisterhede”; “in antwoord op my broederse gebede”.

Bespreking en Vrae